GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# REKENINGKUNDE GRAAD 10

## SKOOL GEBASEERDE ASSESSERING

## TERMYN 3

## GEVALLESTUDIE 2022

| VRAAG | TEMA | PUNTE | TYDSDUUR |
|---|---|---|---|
| 1 | Staat van Omvattende Inkomste | 55 | 66 minute |
| 2 | Notas tot die finansiële state | 20 | 24 minute |
| | **Totaal** | **75** | **90 minute** |

**NOTA:**
- Hierdie gevallestudie moet onder toesig van die onderwyser in die klas geadministreer word.
- Leerders mag nie na notas verwys gedurende die administrasie proses.

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

**VRAAG 1: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (55 punte; 66 minute)**

**SUPER SPAAR HANDELAARS**

Joseph Mahlangu is die eienaar van Super Save Handelaars, die besigheid verkoop en herstel wasmasjiene in Moreleta Park, 'n voorstad in Tshwane. Die finansiële jaar van Super Spaar Handelaars eindig op 30 Junie elke jaar. Die boekhouer, Sophy, het op 30 Junie 2022 bedank, sy het alreeds die Voor-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2022 opgestel.
Jy is die nuut aangestelde boekhouer en die eienaar het jou gevra om die Staat van Omvattende Inkomste op te stel. Die besigheid gebruik 'n winsgrens van 70% op kosprys.

**GEVRA:**

1.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 Junie 2022. (55)

**INLIGTING:**

**A. Uitreksel vanaf die Voor-Aansuieringsproefbalans van Super Spaar Handelaars op 30 Junie 2022.**

| | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|
| Grond en geboue | 4 200 000 | |
| Voertuie | 2 000 000 | |
| Toerusting | 840 000 | |
| Opgelope waardevermindering op voertuie (1 Julie 2021) | | 560 000 |
| Opgelope waardevermindering op toerusting (1 Julie 2021) | | 159 600 |
| Vaste deposito (7% p.j. rente) | 170 000 | |
| Handelsvoorraad | 496 800 | |
| Debiteurekontrole | 58 400 | |
| Lening: RSA Bank | | ? |
| Verkope | | 2 380 000 |
| Debiteure-afslag | 42 300 | |
| Koste van verkope | 1 400 000 | |
| Huur inkomste | | 220 000 |
| Oninbare skulde verhaal | | 1 800 |
| Fooi inkomste | | 280 900 |
| Rente op vaste deposito | | 5 950 |
| Skryfbehoeftes | 6 400 | |
| Telefoon | 22 800 | |
| Salarisse en lone | 840 300 | |
| Versekering | 36 200 | |
| Oninbare skulde | 7 600 | |
| Bankkoste | 2 400 | |
| Diverse uitgawes | 34 600 | |
| Rente op lopende rekening | | 2 400 |

**B. ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS:**

(i) Joseph het goedere vir persoonlike gebruik geneem, die verkoop prys van die goedere bedra R5 100.Hierdie transaksie is nog nie geboekstaaf nie.

(ii) Voorraadopname op 30 Junie 2022 toon die volgende voorhande:
- Handelsvoorraad R489 700
- Skryfbehoeftes R1 400

(iv) M. Motloung betaal R1 800 deur EFO op 29 Junie 2022 om sy wasmasjien te herstel. Die herstelwerk sal eers op 4 Julie 2022 gedoen word. Inkomste ontvang is geboekstaaf onder fooi inkomste rekening.

(v) Die telefoon rekening vir Junie 2022 is ontvang maar nog nie betaal nie, R1 450.

(vi) Die volgende inskrywings verskyn op die Bankstaat vir Junie 2022 maar is nog nie in die besigheid se boeke geboekstaaf nie:

- Bankkoste, R180
- Rente op bank oortrekking, R240.

(vii) Huur is vir 11 maande ontvang, volgens die huur ooreenkoms moet huur vanaf 1 Junie 2022 met R2 000 maandeliks verhoog word.

(viii) 'n Debiteur, M Kemp, is insolvent verklaar, hy skuld R5 800. Sy insolvente boedel betaal 30 sent uit elke rand geskuld, die balans moet afgeskryf word as oninvorderbaar.

(ix) 'n Bedrag van R1 200 is ontvang vanaf A. Abrahams. Haar rekening is vroëer afgeskryf as oninbaar. Die boekhouer het dit korrek in die Kontantontvangstejoernaal geboekstaaf maar is geboekstaaf in die Debiteurekontrole-kolom en so oorgeboek. Herstel die fout.

(x) Die uitstaande rente op vaste deposito moet in berekening gebring word. Die vaste deposito is op 1 Januarie 2021 belê. Rente op vaste deposito word nie gekapitaliseer nie.

(xi) Die leningstaat vanaf RSA Bank op 30 Junie 2022 toon die volgende:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Julie 2021 | 840 000 |
| Totale terugbetalings gedurende die jaar (insluitend rente) | 204 000 |
| Saldo op 30 Junie 2022 | 703 200 |

- Rente op lening is gekapitaliseer.
- Kapitaal bedrag van R120 000 sal in die volgende finansiële jaar betaal word.

(xii) Ingesluit in die bedrag van versekering is 'n bedrag van R6 000 vir die periode 1 April 2022 tot 31 Maart 2023.

(xiii) Bereken waardevermindering as volg:

- Op voertuie teen 10% per jaar op kosprys metode. Ingesluit in die bedrag van voertuie is 'n afleweringsvoertuig wat op skuld op 1 Februarie 2022 vir R540 000 aangekoop is.
- Op toerusting teen 10% per jaar op die verminderende saldo metode.

**55**

**VRAAG 2: NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE** **(20 punte; 24 minute)**

**BALOYI HANDELAARS**

| |
|---|
| Baloyi Handelaars word besit deur Sam Baloyi, hy koop en verkoop stofsuiers op skuld en kontant. Sam Baloyi is 'n gekwalifiseerde rekenmeester en berei die finansiële state vir sy besigheid. Die vraag na stofsuiers het verhoog en het besluit om nog 'n tak oop te maak. Hy sal in die noue toekoms 'n persoon moet opstel om sy finansiële state op te stel. Jy is deur Sam genader om die notas tot die finansiële state op te stel om vas te stel of jy die bevoegde persoon is om rekeningkundige dienste te verrig. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2022. |

**GEVRA:**

Voltooi die notas tot die finansiële state voor vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.

2.1 Eienaarsbelang (5)

2.2 Handels- en ander debiteure (7)

2.3 Handels- en ander krediteure (8)

**INLIGTING:**

**A. Uitreksel uit die Na-Afsluitingsproefbalans op 28 Februarie 2022**

| | |
|---|---|
| Kapitaal (1 Maart 2021) | 678 320 |
| Onttrekkings | 22 400 |
| Debiteurekontrole | 48 200 |
| Krediteurekontrole | 67 300 |
| Handelsvoorraad | 184 200 |
| Verbruiksgoedere voorhande | 2 310 |
| Vooruitontvange inkomste | 6 000 |
| Opgelope inkomste | 2 800 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 5 400 |
| Opgelope uitgawes | 8 500 |
| SAID - LBS | 4 800 |
| Verlies vir die jaar op 28 Februarie 2022 | 12 300 |

**B. ADDISIONELE INLIGTING**

1. Die boekhouer het nie die netto verlies na die kapitaal rekening oorgedra nie.
2. Sammy Handelaars is beide 'n debiteur en krediteur vir Baloyi Handelaars. Die boekhouer het vergeet om die kredietsaldo van R2 160 vanaf die debiteuregrootboek na die krediteuregrootboek oor te dra.

**20**

**TOTALE PUNTE : 75**